

Rondrits

Hou stil! skree Dave Pepler, en die deure van die 4x4 is skaars oop, toe trek hy al doer om 'n verkleurmannetjie uit 'n hond se bek te red.

Jou miserabele dier! jaag hy die brak terug en met dié sien ons ons heel eerste verkleurmannetjie op Madagaskar.

'n Bielie. Skelgroen. 'n Panter-trapsuutjie (*Furcifer pardalis*). Hy lyk nes dié in ons eie voorstedelike tuine, maar dié is die Virgin Active-variëteit.

Alles in Madagaskar, soos die swaelstert-skoenlapper wat nou hier verbyfladder, lyk of hulle op steroïde is. Kleurvoller, groter. En vreemd, onbekend.

Dave plak die strapsuutjie op my arm neer. Die ou klim met sagte kussingtone tot by my skouer, een oog korrel hier, ander oog daar. Oorkant die pad lê die see turkoois met die Sugarloaf-heuwel 'n groen lawaknoets in die baai.

Ons is 'n ent weg van Diego Suarez, die ou slawe- en spesery-hoofstad heel noord op die eiland. Dis die eerste toer-dag saam met Live the Journey.

Halfvier vanoggend het ons deur die strate van Antananarivo na die Ivato-lughawe gery vir die vlug hierheen, die halfmaan blink op die ryslande wat aangelê word op stukke grond tussen die geboue.

Soos Suid-Afrika se ambassadeur, Gert Grobler, oor sy drie jaar sover hier sê: Nooit 'n vervelige oomblik in Tana (Antananarivo) nie, só is toer-met-Dave-deur-Madagaskar.

Op die paaie hou jy asem op terwyl geel Renault's en busse en stokou Peugeot 404-bakkies tot boordens gelaai met houtskool rakelings verbyry. Daar's tot ossewaens wat sakke rys aanry mark toe en 'n riksja met laerskoolkinders op pad skool toe.

Stop, skree Dave weer. 'n Blom, dié keer. Nou, dié die Madagaskar *periwinkle*, wys hy, nederig, pienk, maar vol kragtige alkaloïde vir die behandeling van ovarium-kanker.

“Naas Galapagos is Madagaskar die belangrikste biodiversiteitsplek op aarde, met 80% van sy plante en dierespesies wat net hier voorkom.”

Soos vyf van die wêreld se sewe kremetartsoorte, en die Avenue des Boababs met sy reuse-Grandidier-kremetarte (daar's 300 van hulle in 'n radius van een kilometer) is 'n verklaarde natuurlike monument.

Dié vierde grootste eiland op aarde word soms beskryf as die agtste kontinent: van suid tot noord 1100 km en ongeveer 600 km van die ooskus tot die weskus. Van die woestynagtige suide tot die reënwoede en tropiese strande.

Dis een van daai plekke wat 'n ou moet sien voordat jy doodgaan, knik Jurgens Schoeman van Live the Journey.

Die 24 miljoen inwoners is verdeel in 18 stamme, elk met sy eie dialek van Malgassies, en elkeen sy eie koninklike familie.

“Die musiek in die suide is baie meer soos Afrika,” vertel Gert Grobler. “Daar hoor jy die klanke wat jy in KwaZulu-Natal sal hoor. Noorde toe is dit meer Arabies en Indies en die Ooskus klink weer soos Indonesië.”

Die Malgasse deel 'n geloof in die krag van voorvadergeeste, die *razana*. Doodsrituele speel 'n groot rol (herbegraving vind byvoorbeeld gedurig plaas), maar vir die Malgasse is dit allesbehalwe morbied - hul makabere gebruike vier juis die lewe omdat gestorwe voorouers 'n invloed het op die nuwe geslag se fami-



Vissers laatoggend in die tropiese water by die eilandjies by Madagaskar.
| FOTO'S: ROSETTE JORDAAN



Die Rooi Tsingy lyk soos orrelpype van rooi sand.

lielewe. Die feit dat Madagaskar een van die armste lande ter wêreld is, waar die meeste gesinne met minder as R20 'n dag moet klaarkom, is daar 'n stoïsynse gelatenheid.

In Sakalava-baai benut vlieërplankryers die bietjie wind, jy hoor Italiaans en Frans terwyl 'n ouerige man hand aan hand strand-af stap met 'n jong plaaslike

vrou. Sekstoerisme is duidelik gewild hier.

In die Parc National Montagne D'Ambre, 'n reënwoodpark wat in 1958 gestig is, sien ons van Parson's se verkleurmannetjie - die grootste op aarde, 'n verkleurman, dus - tot die brookii, die kleinste, met beentjies soos garingdrade. Die plaaslike gemeenskap deel in die

park-inkomste, en daar's kampeerplek, wat nogal skaars is in Madagaskar.

Vyf, ses keer stop ons die eerste 300 m die reënwood in, om skaars fauna en flora te bekyk.

Ons tou agter Dave aan, met sy hoed, sy ontwerpers-crocs, sy lang bene, kamera, flits waarmee hy in diep gate gedieretes uitsnuffel.

Hy gooi 'n sprinkaan in 'n spinnekopweb, en vir 'n halfuur staan ons en kyk hoe die spinnekop hom verlam en stadig toespinn tot 'n kits-spens.

Wonderlik, nou kan ek maar sterf, roep Dave uit toe ons 'n blaasstert-geitjie gewaar. Waar's julle, spul triestige toegangers! roep hy ons nader. Kom kyk!

Die geitjie mimiek ligene wat op boom-bas voorkom om hom te kamoefleer. Geen ander dier is só merkwaardig aangepas nie, wys hy.

Ag, sê toerlid Rosette Jordaan van Theuniskraal by Tulbagh, my *flash* willie *flash* nie! Sy's spesiaal hier vir Dave, sê sy in vervoering. En die diere. En vir die foto's, grinnik sy. En die seekos. Het jy middagete se gevulde krap geproe? Salig.

Die Rooi Tsingy - stel jou voor: 'n landskap vol rye rooi stalagmiet-agtige orrelpype. Onwerklik. En tragies. Want dis erosie van grond wat tevore deur in-

Madagaskar is 'n juweel wat wag dat Suid-Afrikaners hom ontdek, skryf **Hanlie Retief**.



Maak só wanneer jy Madagaskar besoek

Jurgens Schoeman van Live the Journey gee die volgende wenke vir jou toer na Madagaskar:

■ Die amptelike tale is Malgassies en Frans. Selfs die plaaslike toeroperateurs se Engels is maar eina. 'n Gids is 'n goeie idee as jy onbekende plekke wil verken.

■ Die besienswaardighede is wyd verspreid oor die groot eiland. Dis nie so maklik en om vinnig rond te beweeg nie, die afstande is groot en deeglike beplanning of insette van toeroperateurs word benodig.

■ Die vlugskedules na die eiland verander soms op die nippertjie. Hou dit in gedagte as jy aansluitingsvlugte moet reël.

■ Moet-lees-boeke oor Madagaskar: *Madagascar*, deur Hilary Bradt

(www.bradtguides.com); *Around Madagascar on my Kayak*, Riaan Manser (www.riiaanmanser.co.za); en natuurlik: Lonely Planet se *Madagascar* (www.lonelyplanet.com).

Live the Journey doen al etlike jare lank toere na Madagaskar en hulle spesialiseer in verskillende reiservarings. Hulle beplan jou toer nommerpas vir jou. Daar's toere vir kleiner groepe soos gesinne, visvangekspedisies, seiljagoorblyf tussen die eilande, voëlkyk- en ekolgieoere. "Ons wil hê soveel mense moontlik moet dié wonderlike eiland besoek, en nie net oor die ekologie nie, maar die mense. Dis ons broers en susters van Afrika."

■ www.livethejourney.co.za of besoek hulle op Facebook.

nie, as dit weg is, is dit weg."

En wat oorneem, is die inkomers: akasias, bloekombome, en dié sluk die eiland in. Soos hulle sê: eens die groen eiland, nou die rooi eiland.

Daar's min tot geen biologiese beheer op die eiland. 'n Nasionale bewarings-



Trap suutjies, kêrel... Dave Pepler en 'n Parson's-verkleurmanneljie.



Dié strandjie, Andilana, op Nosy Be, is baie gewild onder Italianers.



Sifaka-lemurs in 'n bamboesbos op Komba-eiland.



Die groot mark in Hell Ville, Nosy Be, vol vanielje, speserye en snuisterye.



Dis nie net slaggate in die paaie wat jy moet misry nie.

plan, streng toegepas, is nodig. "En die antwoord lê nie by slim ekoloë van New York nie, die antwoord lê in Afrika. Suid-Afrika het genoeg kundigheid om dié tragedie in sy spore te stop."

Ons vaar tussen dolfyne deur met 'n boot na Nosy Be-eiland, en skielik is ons in 'n tropiese paradys. Die ritme op Nosy Be is pure vakansie, en oral die geure van ylang-ylang en vanielje - parfuim-eiland.

Elke 500 kg ylang-ylangblomme produseer 6 liter olie ná distillasie, verduidelik hulle vir jou op 'n ylang-ylangplaas. En dit word dan die kernkomponent van duur parfuums.

Later kuier ons tussen die eilandjies, groen in 'n turkoois see: Nosy Komba, lemureiland waar die Sifaka-lemurs ons amber-oog uit die bome bespied. *Maki, maki, maki*, lok die gidse hulle vir piesangs en paparazzi.

Ons ruil euro's vir tradisionele houtwerk en tafeldoeke met wit, pienk en

blou geborduurde skilpaaie wat soos wasgoed op die strand hang.

Vir Gert Grobler is Nosy Iranja die paradys self. Gaan google dit. En moenie Ile Sainte Marie aan die ooskus vergeet nie.

Soos die Everest-klimmer Louis Cartens, wat laas Kersfees met sy familie daar was, sê: "Dis paradys-ekotoerisme, dis Mauritius sonder die massas teen twee derdes van die prys."

Ten spyte van al dié potensiaal is die toerismebedryf onderontwikkeld, sê Gert. "Ons regering reik tans 'n hand uit, soos deur hul wildbewaarders Suid-Afrika toe te bring vir opleiding in ons nasionale parke. Madagaskar is 'n juweel wat nog wag om deur Suid-Afrikaners ontdek te word."

Kremetarte. Lemurs. Reënwoede. Woestyn. Berge. Tropiese strande. Snorkel. Seil. Seekos. Waarvoor wag jy?

■ **Live the Journey en Air Madagascar het Hanlie se koste gedra.**

woners ontbos is. Dit bly 'n ontsaglike probleem: die oorspronklike woud word met pangas ontbos, die bome vir houtskool gebruik.

"Dit was als woud, dié," wys Dave om ons. "Reënwood, gestroop vir brandhout. Jy kan die woud nie weer herskep